



Kinderhuise in afsondering

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Die aankondiging dat mense in Suid-Afrika ook met die koronavirus besmet is, is met besorgdheid ontvang. Onsekerheid het bestaan oor wat hierdie onbekende maar uiters gevaarlike virus in ons land sou kom doen.

Die grendeltyd is by die kinderhuis waar ek werk onmiddellik intens beleef. Die kinders het uitgesien na die vakansie wat voorgelê het. Vakansietyd beteken vir baie van die kinders huistoegaantyd. En toe die antklimaks – geen kind mag die vakansie huis toe gaan nie, en die kinders se ouers mag hulle ook nie op die terrein besoek nie.

Ons het verneem dat die personeel wat nie op die kinderhuisterrein woon nie, hulself moet isoleer van die kinderhuis. Met my skootrekenaar en 'n aantal lêers onder die arm het ek die kinderhuis dus op 27 Maart verlaat, min wetende dat die grendeltyd heelwat langer as drie weke sou wees.

Die eerste week of twee het gepaardgegaan met 'n vakansiegevoel: laat slaap, luilekker ontbyt, TV kyk tot baie laat, en somer net leeg. Gesinsbande is weer versterk en nuwe rituele het ontwikkel.

Mettertyd het berigte van die impak op die land se ekonomie en mense wat finansiële swaarkry die nuus begin oorheers. Dit het die baan geopen vir 'n volgende fase waarin besorgdheid oor geliefdes, vriende en lede van die gemeenskap wat nood ervaar, hoogty gevier het. Watter voorreg om in hierdie tyd betrokke te kon raak by 'n voedingsprogram in ons gemeente, Waterberg.

Gedurende weke vier en vyf het ons gevoelens van magteloosheid plek gemaak vir woede oor onbillike optrede teenoor die weerloosstes in ons land. Die politici se siening van ander se nood het maar 'n wrang smaak gelaat. Genadiglik kon ons deur hierdie emosies werk en het die wil om ons naaste te help oorleef, plek gemaak vir 'n gevoel van hoop.

My beroep was gedurende hierdie tyd nie veeleisend nie en ek kon my verantwoordelikhede nakom. Daar is baie ander ouers wat met moeite die balans kon handhaaf tussen kinders versorg, die huishouding hanteer en werksverpligtinge nakom. Ek sal u hulle!

Ons bevind ons op die oomblik in Fase 3 van die grendeltyd. Binne die reëls vir die kom en gaan van die publiek kon sekere mense weer begin werk. In die kinderhuis het baie min egter verander. Ons kinderversorgers mag wel nou weer gemaklik dorp toe gaan, maar ten spyte van hierdie "vryheid" is hulle steeds "huisgebonde" en mag hulle nog nie die terrein verlaat om byvoorbeeld gedurende hul afnaweke by hul familie te gaan kuier nie. Covid-19 is besig om sy tol te eis en die moraal van die kinderversorgers wat tot onlangs nog hoog was, is besig om 'n laagtepunt te bereik. Die kinderversorgers wat in die verlede gedurende die oggende hul batterye kon herlaai om smiddae om te sien na die behoeftes van 12 kinders, moes die afgelope weke hul "aftyd" inboet om toesig te hou en ekstra insette te lewer met huiswerk wat van die skole af gestuur is.

Tans weet ons nog nie wanneer ons kinders se ouers hulle weer op die terrein kan besoek nie. 'n Donker wolk hang ook oor die Julie-vakansie wat eintlik voor die deur is – dis nog glad nie seker of die kinders hierdie vakansie by hul ouerhuise sal kan deurbring en of hulle dan steeds ingeperk gaan wees nie.

Hierdie nuwe normaal het wel ruimte gemaak vir dankbaarheid vir al die genade wat ons daaglik ontvang, en deernis vir ons medemens wat weerloos en kwesbaar probeer om 'n eie normaal te ontwikkel. Maar die impak van Covid-19 is nog lank nie verby is nie. Ons weet, soos pres Ramaphosa tereg opgemerk het, *this too shall pass, it depends on us how long it will last*. Die vraag is net – hoe ver strek 'n mens se uithou vermoë?

**Elize Sauer
Abraham Kriel Kinderhuis, Modimolle**

Lief en leed

- **Dr Rudy Denton** (Potchefstroom-Studente) **se skoonmoeder** is Sondagaand 7 Junie oorlede. Ons innige simpatie gaan aan mev Terzie Denton en haar familie.
- **Ds Chris le Roux** (Stellenbosch/Worcester) is die naweek uit die hospitaal ontslaan nadat hy weens Covid-19 'n suurstoftekort ervaar het. Ons bid hom en sy gesin algehele herstel toe.
- **Prof Piet Geyser** (emeritus) is stadig besig om sterker te word, nadat hy op Dinsdag 9 Junie reeds 76 dae in Wilgers-hospitaal was. Sy galblaas is verlede week verwyder, en hy is intussen van die ventilator afgehaal. Hy sal nou intensiewe rehabilitasie ondergaan. Ons bid hom verdere beterskap toe, en baie sterkte vir hom, Louise en hul familie.
- **Ds Eksteen Botes** (Nelspruit) herstel tans tuis nadat 'n gewas uit sy slukderm verwyder is. Ons bid hom algehele herstel toe.
- **Mev Kitty Botha**, weduwee van ds TJ Botha (oorlede in 2016) en moeder van ds Hannelie Botha (redakteur van *Die Christelike Vrou*), is uit die hospitaal ontslaan nadat sy intensiewe sorg ontvang het. Ons bid haar volgehoue beterskap toe.
- **Dr Carel Botma** (Bothaville) **se moeder** is met kanker gediagnoseer. Ons bid haar en hul familie die Heer se bystand toe in hierdie moeilike tyd.
- **Ds Phillip Horn** (emeritus/Bethlehem) **se vrou, Hester**, ontvang tans behandeling vir kanker. Ons bid haar krag en spoedige beterskap toe.
- **Dr Kobus Labuschagne** (emeritus) **se vrou, Hester**, het 'n ernstige beroerte gehad en verkeer tans in 'n reabilitasiesentrum. Ons bid die egpaar die Heer se onderskraging toe.
- **Ds John Putter** (emeritus) is gehospitaliseer met onegalige hartritme. Ons bid hom spoedige beterskap toe.
- **Ds Stoffel Smit** (emeritus) het kort na sy 93ste verjaardag op 18 Mei ernstig siek geword. Ons bid hom die Heer se krag toe in hierdie moeilike tyd.
- **Oudl Petro van Niekerk** (lid van die Kommissie van die AKV) is tydens 'n vakansie in Kleinmond deur 'n sluipslaper oorval en beroof. Sy het na haar terugkeer na Pretoria vir 'n ander stapper geskrik en geval toe sy een oggend weer gaan stap het. In die proses het sy haar linkerelmoog gebreek en haar regterhand beseer. Haar man, Louis, sterk terselfdertyd aan na 'n operasie aan die voete. Ons bid die egpaar krag en spoedige beterskap toe.



Ds Eksteen Botes



Ds John Putter

- **Die volgende predikante verjaar tot 19 Junie, en word hartlik geluk gewens:**

- Vrydag 12 Junie: Di NCJ (Nico) Brayshaw (emeritus) en L (Lana) van Rensburg (Koedoesrand)
- Saterdag 13 Junie: Prof MJ du P (Bieks) Beukes (emeritus)
- Sondag 14 Junie: Ds GFJ (Gert) Beukes (emeritus/Coligny)
- Maandag 15 Junie: Dr RA (Rudy) Denton (Potchefstroom-Studente)
- Dinsdag 16 Junie: Dr JHL (Jan) Truter (emeritus/Letsitele)
- Donderdag 18 Junie: Prof EC (Elsabé) Kloppers (Unisa/Kerkmusiek) en ds DJR (Danie) Malan (Johannesburg)
- Vrydag 19 Junie: Ds W (Willem) de V Sauer (Waterberg)

- **#hoop vir almal. Voorbidding vir Bybelgenootskappe**

- **Engeland en Wallis** neem 'n film wat die verhaal van die Bybel vertel in 2020 na stede en dorpie oral in Brittanje.
- **Skotland** het die projek *Bible 2020* van stapel gestuur waarmee kerke wêreldwyd aangespoor word om van tegnologie gebruik te maak om God se Woord te verkondig.
- **Die Republiek van Ierland** werk saam met Noord-Ierland aan 'n projek om die Bybel vir almal toeganklik en beskikbaar te maak.
- **Noord-Ierland** is besig met 'n poging om meer mense bewus te maak van die Bybel.



Hierdie noodnommer is beskikbaar om dringende sake gedurende die Covid-19-noodtoestand in Suid-Afrika onder die aandag van die lede van die Bestuurskomitee te bring: 066 109 8308.

Gemeentes en bediening

- **Gemeente Bronkhorstspuit** beskik oor 'n vakature vir 'n orrelis met ingang van **1 Januarie 2021**. Die orrelis is verantwoordelik vir die begeleiding by die erediens elke Sondag om 09:00, en erediens op kerklike feesdae. Aansoekers moet 'n gepaste musiekkwalifikasie hê en vertrou wees met 'n groot 3-manuaal-orrel. Ondervinding van die begeleiding van gemeentesang is 'n vereiste. Die vergoeding is onderhandelbaar na aanleiding van die aansoeker se kwalifikasies. Reiskoste sal deel uitmaak van die vergoeding. Aansoekers sal genooi word vir onderhoude. Navrae kan gerig word aan Gerda Theunissen by 013 932 2929 of nhbhs@nhk.co.za. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September 2020.**
- **Gemeente Bloemfontein-Wes** is op 6 Augustus 1970 gestig, en vier dus vanjaar hul **50-jarige bestaan**. Die **feestyd** strek van **6 tot 9 Augustus 2020**. Alle oudlidmate is hartlik welkom om die geleentheid by te woon. Hiermee ook 'n vriendelike versoek dat indien daar oudlidmate is wat foto's en ander memorabilia van die gemeente in hul besit het, hulle dit vir die gemeente beskikbaar sal stel vir gebruik tydens die feestyd. Rig navrae aan die skriba, oudl Willemien Bloem, by wilred6@gmail.com of die kerkkantoor by nhgbw@lantic.net. Meer inligting sal later volg.

Belangrik: Bevestig vooraf dat beplande byeenkomste wel sal plaasvind, in die lig van Covid-19.

Vergaderings

- Vrydag 19 Junie: Rata 360

'n Gedig

Uit: gedigte vir die mond

III

die vetplante verdof, winter is hier
die kaktus se dagsêkwas slaap in skubbe
alles is ingekeer onder wol, sonder sap
ek leer die droefheid ken soos vreugde
oplaas is daar versoening
tussen die mond en die breinspons, maar tydelik
tydelik en verraderlik
my tikmasjien is 'n wintermuil
dit trek my deur die triestigheid van leë planete
ek word neergeskryf – passief en sonder mond
atonaal: hierdie is nie 'n gedig nie
hierdie is 'n vlugtige dood

Jeanne Goosen

(Uit: *'n Uil vlieg weg*, 1971;
Jeannette Helena Goosen – 81 – is oorlede
Dinsdagnag 2 Junie 2020)

Barmhartigheid



Rata
MAATSKAPLIKE DIENSTE

- **Kinders vat hande vir Jeugdag: 1-16 Junie**
Projek van Rata, die diakonaat en die Bybelgenootskap
Maak vir jou gesin en gemeente 'n papierfiguurketting
Deel dit op die gemeente se WhatsApp-groep en Facebookblad
Stuur dit aan **diak Andries Pretorius by 081 466 8691**
Al die papierfiguurkettings sal deur die ADV Kommissie ontvang word
Vorm saam vir die Kerk 'n groot papierfiguurketting
Al die kettings gaan dan na die Bybelgenootskap vir die Bybel 200-projek
Volle besonderhede by <https://plesion.org.za/kinders-vat-hande/>

Deo Gratia-aftreeoord
Garsfontein, Pretoria

Vinnige toegang tot snelweë; naby Gautreinbushalte, inkopiesentrums soos Menlyn en Menlyn Main, en verskeie kerke; dokters, tandartse, 'n hospitaal en ander mediese dienste maklik bereikbaar.

Die oord bestaan uit 32 eenslaapkamer-, tweeslaapkamer- en drieslaapkamer-selfsorgeenhede.

Tans beskikbaar:

- 2-slaapkamer-eenheid (met tuin)
- 3-slaapkamer-eenheid met 2 badkamers (met tuin)

Maak 'n afspraak om ons te besoek en plaas jou naam op die waglys.

Kontak die oordbestuurder, Renier de Beer, by 060 582 1578

- **Gerrieshof in Rustenburg** het 'n **eenslaapkamerwoonstel** vir 'n bejaarde persoon beskikbaar teen R2 306 per maand. Dit is 'n ruim grondvloereenheid. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.
- **Huis Frans Boshoff in Brooklyn** het 'n **eenslaapkamer-woonregeenheid** vir bejaarde persone beskikbaar teen R366 160 en 'n maandelikse heffing van R2 970. Die woonstel is geleë op die perseel van Machteld Postmus, naby winkelsentrums. Verskeie dienste word gelewer. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuse vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**
Kieserstraat 126, Rietondale
2 eenslaapkamerwoonstelle te koop teen R520 000
1 eenmanwoonstel te koop teen R510 000
1 eenslaapkamerwoonstel te huur
Navrae: Ansie Joubert 012 329 4318 / 084 920 8723
Seniordalpta@gmail.com



Allegaartjie

“Van my mooiste herinneringe as uitgewer is ’n nadenkende Jeanne agter die klavier in die balsaal van die ou burgemeestersherhuis uit die 19de eeu, die Barton Keep, besig om Chopin met onbeskryflike weemoed te internaliseer. Dit is asof haar vingers wag vir die weerklink van die oorspronklike bron om *elke noot tot in die fynste ontsteltenis te ontgin* (“n Pianis se handlyding’ uit *’n Kat in die sak*, 1986).” (Marietjie Coetzee, in *’n Lewe vol sinne*, Petrovna Metelerkamp se biografie oor Jeanne Goosen, 2020)

Toerusting

- **40-dae-avontuur in die Woord van God**

God se asem tussen bladsye

26 Julie tot 30 Augustus

Projek van die Bybelgenootskap

Gekoördineer deur NG Gemeente Witrivier

- Ses Bybelstudietemas vir groepe of individue.
- Teksgedeeltes vir daaglikse stiltetyd sodat deelnemers in die 40 dae ’n gedeelte uit elke Bybelboek sal lees.
- Preke.
- DVD as inleiding tot elkeen van die ses temas.
- Aanhalings uit die nuwe Afrikaanse vertaling wat in November 2020 bekendgestel word.

Navrae: dsjurgens@ngwitrivier.co.za / 079 292 9545

- **Aanlynkursusse in pastorale berading**

- Algemene jaarkursus in pastorale sorg en krisis-intervensie
- Jaarkursus gefokus op die vrou
- Jaarkursus gefokus op treurberading en sterwensbegeleiding
- Jaarkursus gefokus op die huwelik
- Jaarkursus gefokus op trauma en krisis
- Jaarkursus gefokus op pastorale begeleiding van kinders en jongmense

Elke kursus bevat 12 subtemas

Studente kan enige tyd van die jaar registreer

Al die kursusse kan via afstandonderrig gedoen word

Leraars ontvang ten minste 50 VBO-punte vir elke kursus

Vir lede van CPSC (Beradersvereniging) is daar 20 punte vir elke kursus

Die kursusse kan ook as krediete dien vir verdere studie

Navrae: Prof Wentzel Coetzer wentzelc@gmail.com

018 294 7457 / 083 660 0409

- **Brugbedieningskursus by UP**

Week 1: 27-30 Julie

Week 2: 9-12 November

Kursusleier: Prof Malan Nel

Koste: R2 500 (BTW ingesluit)

Plek: UP

Kursuspunte: 70

Navrae: Hesmarie Bosman, 012 420 4952 / hesmarie.bosman@up.ac.za

Fondsinsamelings

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Wind-Ex
September/Oktober (datum later bepaal)**

Gesinspretdag en windbukskompetisie

Wen besondere mes – kaartjies R30 elk

Skakel Tobie by 083 327 1500 om deel te neem

Wenner word aangekondig op die gesinsdag



- **Plesion en Rata Maatskaplike Dienste**
Wen 'n motor: Datsun Go ter waarde van R154 000
Koop 'n pakket van 200 (R5 000), 50 (R2 500) of 70 (R3 500) boekies
Maak wins van 75% of 50%
Hou jou eie kompetisie en trek jou finaliste voor Augustus 2020
1 wenner uit elke pakket dring deur na finale sleutelpasgeleentheid
Finale sleutelpas op Rata se DRIVE FOR A CHILD Gholfdag
Later vanjaar by Silver Lakes (nuwe datum sal bepaal word)
Meer inligting: Ds Stephen de Beer (074 658 4630 / gsdebeer@gmail.com)
Diak Andries Pretorius (081 466 8691 / andries@rata.org.za)
Vir uitstallings van die voertuig, kontak diak Andries Pretorius

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Die koste vir advertensies is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van produksie@nhk.co.za.

Gebed vir die week

Jesus Christus, my Here, daar is baie dinge wat my ontstel, en bang maak, en hartseer laat voel. Maar U help my om hierdie dag binne te gaan met 'n onbekommerde hart. Omdat ek die luukse van u liefde ken, en omdat U my die geloof gee om U met my lewe te vertrou. Vanuit hierdie geborgenheid bid ek vandag met my hele hart vir hulle wat weens hul omstandighede nie die moed of die krag of die hoop het om self te bid nie: kankerpatiënte, wat net pyn en dood voor hulle kan sien; MIV-positiewe mense, wat net toenemende ellende en verwerping verwag; verwagte tieners, wat met selfverwyte en ander se oordeel worstel; sakemense, wie se harde werk nie bankrotskap kon afweer nie; maatskaplike werkers, wat nie meer die oormag van die nood kan hanteer nie; werkloses, wat moed opgegee en hul selfrespek verloor het. Ag, Here, help almal wat ly en moedeloos is. Maak my u instrument om te help.

Na 'n gebed van **Tony Cupit**
(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé 2014)